

REEKS: GOD IS...

KLEINGROEP ONTMOETING 2

God is... goed



A: KOFFIE

Elkeen kry 'n koppie koffie in die hand – deel met mekaar hoe julle dag/week was.

B: GEBED

Iemand, wat bereid is, kan met 'n kort gebed open.



C: VIDEO-GREEP

Kyk saam na die volgende 10 min video van Rob Bell: 006 Kickball
<https://www.youtube.com/watch?v=prVZv2Yq70Y&list=PLZqQAL59YuA1gCibOPeBQ41knelWqMOFU>

D: WANDEL IN DIE WOORD

Vra iemand om die volgende te lees:

Teksgedeelte: Luk 11:1-13

11 Is daar 'n pa onder julle wat as sy seun vir hom 'n vis vra, vir hom 'n slang sal gee in plaas van die vis? 12 Of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen sal gee? 13 As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer!

Nog teksgedeeltes:

Ps 130:5-7, Spr 3:5, Rom 2:4, Ps 25, Rom 8:26-28, 2 Pet 3:8-9, Mat 10:29-31



E: GESELS SAAM

Maak beurte in die groep om oor een of meer van die volgende te gesels :

1. Deel voorbeelde met mekaar van iets wat jy wou gehad het en nie (dadelik) gekry het nie of gebede wat nie dadelik verhoor is nie.
2. As jy terugkyk op dié ervaring(s), kon jy God se Vaderhand daarin raaksien?
3. Wat beteken dit om op die Here te wag?
4. As God goed is, beteken dit dan dat slegte goed nie met Sy kinders sal gebeur nie?
5. Hoe kan ons mekaar help om elke dag te onthou dat God goed is?

F: UITDAGING VIR DIE WEEK

Jou groep besluit self op 'n aktiwiteit om hierdie week se boodskap prakties uit te leef. Fokus op groei en uitreik.

Voorbeelde: Wys God se goedheid prakties vir iemand wat dit nodig het:

Bel iemand wat alleen is, gaan gee 'n yskoue koeldrank vir iemand wat moeg is, gaan winkel toe vir iemand wat in isolasie is.

Luister die volgende lied: (Good Good Father – Casting Crowns)

<https://youtu.be/2gSugruC1jQ>

G: GEBED & SAAMKUIER

Vra vir spesifieke gebedsversoeke. Gee geleentheid vir gebed.

Kuier nog 'n bietjie saam 😊



REEKS: GOD IS...

KLEINGROEP ONTMOETING 2

God is... goed GESPREK RIGLYNE (Ds Cor Swart)



ONTHOU...

Die volgende riglyne kan help om moeilike vrae in die gesprek te hanteer asook om saam te groei in ons geloof en verstaan van God:

Die tema “God is...goed” kan dalk vir party mense vreemd klink as ons kyk na al die hartseer en ongeluk in die wêreld.

Vrae soos: Hoe kan God goed wees en toelaat dat my geliefde kanker kry? of Hoe kan God goed wees en toelaat dat COVID-19 ons hele lewe ontwrig, my pa of ma laat sterf het, of my besigheid bankrot laat word het?

God se goedheid beteken nie dat ons as gelowiges vrygemaak word van die slegte dinge in die lewe nie.

Dit beteken nie dat ons nie sal siek word, sterf of geld probleme ervaar nie.

Met die belydenis God is goed, bely ons dat God ons Vader is. Die teks in Lukas 11 bevestig dat ons Vader vir Sy kinders omgee en wil sorg. Daarom bid ons ook in die Onse Vader tot ons Vader wat in die hemel is. Ons Hemelse Vader wil net soos ‘n aardse pa nie dat slegte dinge my Sy kinders gebeur nie. Matteus 10:29-31 bevestig dat niks sonder die wil van ons Vader gebeur nie.

Hierdie is baie belangrik vir ons geloofsverstaan. Dit beteken nie God is die outeur van sonde en boosheid in die wêreld nie!

Dit beteken dat ek en jy nie oorgelewer is aan ‘n genadelose wêreld nie, maar oorgelewer is aan ‘n liefdevolle en genadige God!

Psalm 130 verduidelik mooi die verhouding tussen God en Sy kinders en illustreer God se goedheid – ons sonde maak dat ons nie voor God enigiets het om op te roem of verdien nie (vers 3). Maar God kyk verby ons sonde (natuurlik deur Christus) – by Hom is daar troue liefde en verlossing (vers 6). God se goedheid lê daarin dat Hy ons nie beoordeel met ‘n sonde-bevlekte bril (oordeel) nie, maar met Christus-se-bloed-bevlekte bril (genade). Dit is God se goedheid – dat Hy sondaar mense liefhet en vir ons wil sorg.

Dit is op hierdie Vader God waarop ons elke dag wag. Daarom kan ons bid “laat U wil geskied soos in die hemel, so ook op die aarde” (Matteus 6:10). Dalk is dit waarmee ons sukkel...ons wil teenoor te wag / vertrou op God se wil...

